# HOOFSTUK 12

## BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

### 12.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die navorsingsprojek saamgevat ten einde bevindinge te maak wat verkry is uit die kwalitatiewe- en kwantitatiewe navorsing sowel as die literatuurstudie wat gedoen is. Die hoofstuk word afgesluit met aanbevelings wat gedoen word om oorbevolking binne Suid-Afrikaanse gevangenisse te verminder. Die bekamping van oorbevolking bly een van Korrektiewe Dienste se grootste uitdagings en daarom is dit noodsaaklik dat aanhoudingstotale verminder word. Indien dit bewerkstellig kan word, sal die omstandighede waarin gevangenes aangehou word drasties verbeter en sodoende word ’n omgewing geskep waarbinne rehabilitasie van oortreders tot sy reg kan kom.

Die aanbevelings wat gemaak word, is tweeledig van aard. Eerstens word aanbevelings gedoen rondom die verligting van oorbevolking binne SA gevangenisse. Tweedens word aanbevelings gedoen wat rehabilitasie van oortreders sal bevoordeel.

### 12.2 Bevindinge

’n Lyn wat regdeur hierdie navorsingsproses loop is die werklikheid van oorbevolking in Suid-Afrikaanse gevangenisse. Alhoewel dit ’n wêreldwye verskynsel is, word die fokus in hierdie studie geplaas op die plaaslike Korrektiewe stelsel.

Oorbevolking van gevangenisse moet egter baie verder teruggeneem word as die gevangenis self. Die vertrekpunt van hierdie probleem moet die gemeenskap wees waaruit oortreders na die Korrektiewe stelsel gebring word. Die geskiedenis van Suid-Afrika en sy beginsels in die verlede het beslis ’n groot invloed gehad op die uitdagings waarmee tans geworstel word. Aspekte soos armoede, gelyke geleenthede

en onmenslike behandeling is maar enkele voorbeelde wat genoem kan word. Binne die gevangenisse in Suid-Afrika het dit egter nog slegter gegaan. Die gevangenis-milieu was afgesluit van internasionale invloede, weggesteek vir die media, geskoei op militêre karakter, daar is sterk gefokus op sekuriteit en ’n burokratiese bestuurstyl het veroorsaak dat die “Apartheid-stelsel” van die destydse regering nog erger binne SA gevangenisse toegepas is.

Met bogenoemde as agtergrond het dit duidelik na vore gekom in hierdie ondersoek dat die geskiedenis van Suid-Afrika ’n groot rol speel binne die aanpassings wat nou gemaak moet word om Korrektiewe Dienste so te transformeer dat dit sal inpas by die nuwe demokratiese Suid-Afrika. Menseregte is een van die belangrikste fokuspunte van Korrektiewe Dienste en dit word erg in die wiele gery deur die voortdurende oorbevolkingsprobleem. Daar is reeds so baie geskryf en gepraat oor oorbevolking van gevangenisse in Suid-Afrika, maar steeds bly dit ’n probleem. Dit het tyd geword dat drastiese stappe geneem word op die kort- en langtermyn.

In die aanbevelings in paragraaf 12.3 (p386) van hierdie hoofstuk word daar juis gefokus op twee afsonderlike fokuspunte ten opsigte van die bekamping van oorbevolking binne gevangenisse. Die belangrikste fokuspunt is die bekamping van die invloei van oortreders na die gevangenis. Indien hierdie aspek suksesvol bestuur kan word, sal die volgende uitdaging wees om gevangenes wat reeds in aanhouding is, gouer uit die gevangenis te kry. Dit sal nie noodwendig beteken dat gevangenes gouer “vry” sal wees nie. Gemeenskapgebaseerde vonnisse kan hier baie effektief toegepas word. ’n Gevangene sal dus uit die gevangenis ontslaan word, maar steeds die laaste gedeelte van sy vonnis onder toesig in die gemeenskap uitdien.

Die vraag wat die regsplegingstelsel in Suid-Afrika homself moet afvra is; wat die uitwerking van gevangenisstraf as gewilde strafvorm op die rehabilitasie van oortreders is? Kwane Frimpong skryf in die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Strafregspleging (Volume 5, nommer 1, 1992 : 234) dat: “The central question is whether imprisonment can reform and rehabilitate prisoners; and the answer has been an emphatic NO. In other words imprisonment has failed to provide an answer to criminality.”

Michel Foucault (Hiemstra, 2002 : 707) beskryf die instelling van die gevangenis as die groot mislukking van die penologie. Terwyl Korrektiewe Dienste soek na

alternatiewe vir gevangenisstraf, bly Justisie by die oplegging van dié gewilde strafvorm.

Painting (1986 : 5) sê dat: “Alternatives to prison not only make humanitarian and penological sense, they also make economic sense.” Hier verwys Painting (1986 : 19) veral na korttermyn gevangenes wat herhaaldelik in misdaad verval: “A large group of mainly short-term prisoners who can probably best be described as chronic social casualties, whose pathetic and trivial but persistent offending results in their losing their liberty more because imprisonment is available than because it is appropriate. Their clear need for massive social welfare assistance is simply not met within an institutional penal setting.”

Uit ’n maatskaplike oogpunt is dit beslis beter om die oortreders wat nie in die gevangenis hoort nie, daaruit te hou. Die meeste opheffingswerk moet in die gemeenskap plaasvind. Ouers moet hulle pligte en verantwoordelikhede besef en toesien dat kinders ’n goeie opvoeding kry. Waar die ouers dan faal, kan maatskaplike dienste ingryp en help om opvoedingsvlakke te verhoog. Deur iemand wat nie in ’n gevangenis hoort nie, daar aan te hou, maak nie sin nie, want meer kriminaliteit gaan aangeleer word en dit is nie die doel van gevangenisstraf nie.

Freek Robinson (Fokus, SABC 2) het gedurende 2002 ’n onderhoud gevoer met Mnr. Lucas Muntingh van NICRO. Mnr. Muntingh het gesê dat gevangenisstraf as laaste opsie oorweeg moet word en nie soos in baie gevalle eerste nie. Daar moet soveel as moontlik alternatiewe in die pad van gevangenisstraf geplaas word.

Blunstein (Neser, 1993 : 283) noem vyf oplossingstrategieë wat oorbevolking van gevangenisse betref, nl.:

- die nulstrategie,
- die selektiewe inkapasitasiestrategie,
- die vervroegde vrylatingstrategie,
- die bevolkingsensitiewe invloeistrategie en
- die konstruksiestrategie.

Hierdie strategieë word kortliks bespreek ten einde perspektief te gee aan die aanbevelings rondom alternatiewe vir gevangenisstraf wat in paragraaf 12.3 (p386) bespreek word.

Die **nulstrategie** kom daarop neer dat veral politici oorbevolking soms as tydelike of korttermynprobleme beskou. Dit word gedoen om nie drastiese stappe in te stel wat die belastingbetaler ’n klomp geld gaan kos nie. Sieh (Neser, 1993 : 283) bestempel die nulstrategie as kortsigtig aangesien die geskiedenis ons geleer het dat oorbevolking in gevangenisse beslis nie ’n eenmalige neiging is wat deur ’n simplistiese sameloop van omstandighede veroorsaak word nie.

Die seklektiewe **inkapasitasiestrategie** het ten doel om beperkte en duur gevangenisakkommodasie selektief aan te wend deur die gevangenis te reserveer vir misdadigers wat verantwoordelik is vir die grootste aantal misdade, die ernstige misdade en vir oortreders met ’n hoë herhalingsrisiko.

Die **vervroegde vrylatingstrategie** het ten doel om gevangenes vroeër vry te laat ten einde oorbevolking te verlig. In die VSA maak hulle gebruik van noodvrylatings, “sentence rollback” en vervroegde parool. In Suid-Afrika kan dit vergelyk word met amnesties, “burstings” en die bepalings van Artikel 81 en 82 van die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998) waar die Nasionale Raad op Korrektiewe Dienste, die Minister van Korrektiewe Dienste en die Staatspresident vervroegde vrylatings, in sekere omstandighede, kan magtig.

Die **bevolkingsensitiewe invloeistrategie** word gebaseer op die beskikbare akkommodasie in ’n spesifieke gevangenis. As voorbeeld kan genoem word dat indien Worcester Mansgevangenis se goedgekeurde akkommodasie 490 is, slegs 490 gevangenes daar aangehou kan word. Sodra hierdie getal bereik word, word daar dood eenvoudig nie meer opnames toegelaat nie. Indien dit toegelaat gaan word dat daar daagliks meer “nuwe” opnames as vrylatings is, kan oorbevolking uiteindelik die hele regstelsel in duie laat stort.

Die laaste strategie, die **konstruksiestrategie** behels die bou van meer gevangenisse en/of die uitbreiding van bestaande geriewe. Wanneer nuwe gevangenisse beoog word, is dit altyd belangrik om te onthou dat die gemeenskap daarvoor gaan betaal en dus moet die versekering aan hulle gegee word dat dit gedoen word vir

gemeenskapsbeskerming aan die een kant en aan die ander kant moet die gemeenskap verseker word dat geen goedkoper of alternatiewe opsies bestaan nie.

In hierdie ondersoek is bevind dat dit tyd geword dat die situasie waar howe net "stuur" en Korrektiewe Dienste moet "ontvang" gestop word. Hierdie situasie maak dit onmoontlik vir doeltreffende gevangenisbestuur. Vivien Stern (1989 : 171) sê terreg dat: "At the centre of the problems of the prison service is its lack of control over the number of its customers. The prison service cannot put up House Full signs nor is it allowed to set up waiting-lists, as hospitals do. Its workload is entirely at the mercy of a group of people, magistrates and judges, who themselves have no structural involvement in running the prison system and no responsibility for allocating the resources to it."

Dit bly egter alle rolspelers binne die regsplegingstelsel se plig om toe te sien dat werkbare alternatiewe vir gevangenisstraf gesoek word. Nidorf (Neser, 1993 : 284) noem drie belangrike vereistes waaraan doeltreffende alternatiewe vir gevangenisstraf moet voldoen, nl.:

- die doen en late van die oortreder moet aan so 'n mate van toesighouding blootgestel word dat die geleentheid om aan misdadige aktiwiteite deel te neem tot die minimum beperk word,
- dit moet onaangenaam genoeg wees om die oortreder van verdere misdaad te weerhou en terselfdertyd voornemende oortreders af te skrik en
- die alternatief moet werklike en geloofwaardige beskerming aan die gemeenskap bied.

Die Minister van Korrektiewe Dienste, Mnr Balfour (DKD-Intranet) het op 13 April 2005 tydens sy begrotingsrede in die Parlement gesê dat Suid-Afrika nooit gematig sal raak oor misdaad nie. Dit is steeds prioriteit om misdaad te voorkom en streng op te tree teenoor dié wat wel misdaad pleeg.

Korrektiewe Dienste se huidige doelwitte rondom rehabilitasie is 'n bewys dat slegs aanhouding as straf (vergelding) nie meer 'n opsie is nie. 'n Beter mens moet aan die gemeenskap terug gegee word as dié wat daaruit ontvang is. Die gevangenis is egter

nie die regte plek vir verskeie kategotieë gevangenes wat tans daar aangehou word nie en dit is een van die redes vir oorbevolking. Morris (1989 : 17) sê dat: “Prison are not the greatest. They breed crime and bitterness, destroy people who work and live in them, and it’s not nice to cage your fellow humans. They cost more than the best university education, while giving appalling results.

Indien alternatiewe gevind kan word vir gevangenisstraf, sal dit beteken dat ’n kleiner groep gevangenes, wat daar hoort, onder baie beter omstandighede aangehou en gerehabiliteer kan word.

Die volgende bevinding wat uit hierdie ondersoek afgelei is, is die feit dat sekere kategorieë gevangenes onnodig lank in gevangenisse aangehou word. Veral ongevonniste gevangenes word in baie gevalle vir maande en soms jare aangehou aangesien sake nie afgehandel kan word nie. Ongevonniste gevangenes word in die sorg van Korrektiewe Dienste gelaat terwyl geen of baie min aandag aan rehabilitasie geskenk word gedurende hierdie periode.

Die nuwe vrylatingsbeleid (wet 111/1998) maak ook voorsiening vir langer periodes van aanhouding alvorens paroolvrylating oorweeg word. Hierdie tendens tesame met die oplegging van minimum vonnisse wat gedurende Mei 2005 weer vir ’n twee jaar periode behou is, vererger die oorbevolkingsprobleem binne gevangenisse. Neser (1993 : 286) sê dat navorsing bewys het dat langer termyne van gevangenisstraf misdaad nie noodwendig beter voorkom as korter tydperke van gevangenisstraf nie. Die enigste positiewe gevolge wat gevangenisstraf inhou, kom in die vroeë stadium van aanhouding voor. Lang aanhoudingstydperke kan dus negatief inwerk op die rehabilitasie van oortreders en ook oorbevolking verder die hoogte laat inskiet.

’n Aspek soos bv. amnestie verlig ook nie oorbevoking op die langtermyn nie. Dit help wel wanneer aanhoudingstotale so toegeneem het dat dit nie meer finansiël bekostigbaar is nie, maar ondervinding het geleer dat die gevangenestotale stelselmatig verhoog totdat dieselfde probleem weer ondervind word. Dit is langtermynoplossings wat oorbevolking positief kan bekamp. Aanbevelings in hierdie verband word ook in paragraaf 12.3 (p386) van hierdie hoofstuk bespreek.

Nog ’n aspek wat kommerwekkend is en dringend aandag moet geniet is die lae moraal en standaard van dienslewering deur lede van Korrektiewe Dienste. Korrupsie vind gelukkig net plaas onder ’n klein groepie lede. Die mederheid van

Korrektiewe Dienste se lede is lojaal en neem hulle werk ernstig op. Die vraag wat egter gevra moet word, is hoe toegerus is hulle om hul dagtaak te verrig? Die verlede moet ongelukkig weer aangehaal word aangesien die ouer lede uit ’n era kom waar rehabilitasie en menswaardige aanhouding nie prioriteit was nie. Daar moet dus nou ’n klemverskuiwing plaasvind om lede te bemagtig met die nodige kennis ten einde elke lid ’n rehabiliteerder te maak.

Baie veranderings het die afgelope paar jaar binne Korrektiewe Dienste plaasgevind en dit het groot aanpassingsprobleme onder personeel veroorsaak (veral onder die ouer lede). Die Grondwet van Suid-Afrika (wet 108/1996) het ingrypende veranderings binne Korrektiewe Dienste genoodsaak. Daaruit het die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111/1998) voortgespruit met die gepaardgaande nuwe Regulasies. Om weg te breek van die vorige bedeling het Korrektiewe Dienste ook ’n nuwe Witskrif ontwerp en in werking gestel (2005). Anders as voorheen toe die gevangenis ’n geslote entiteit was, kan eksterne organisasies, die media en baie belangrik, die publiek nou insae hê in die werk wat agter die gevangenismure gedoen word. Selfs die slagoffers van misdaad kan nou inspraak hê by die aanhouding en vrylating van oortreders.

Hierdie veranderings het veroorsaak dat lede geweldig moes aanpas in hulle daaglikse optrede teenoor gevangenes en ook teenoor hulle kollega’s. Dissipline onder personeel het merkbaar verswak oor die afgelope paar jaar en van die redes hiervoor is die afskaffing van die militêre stelsel, maar beslis ook as gevolg van opleidingsbehoeftes waaraan daar nie altyd voldoen word nie. Dit kan nie van ’n dissipline lid van Korrektiewe Dienste verwag word om rehabilitasie toe te pas deur eenheidsbestuur as hy geen kennis het van die mens en hoe om gedragsverandering te bewerkstellig nie. Opleiding en her-opleiding is uiters belangrik binne ’n organisasie waar sy lede verantwoordelik is om verandering by reeds gedragsmoeilike persone te bewerkstellig. Die opleidingsprobleem stop ook nie by die aanleer van kennis en vaardighede om gevangenes te rehabiliteer nie. Bestuursopleiding is ook van kardinale belang aangesien bestuurders en toesighouers verantwoordelik is vir die dissiplinering van personeel. Verskeie aanbevelings word in paragraaf 12.3 (p386) gemaak ten opsigte van opleiding van lede binne Korrektiewe Dienste.

Die belangrikste oogmerk met hierdie navorsingsprojek is die rehabilitasie van oortreders. Korrektiewe Dienste stel ook rehabilitasie as eerste prioriteit ten einde misdaad op die langtermyn te voorkom. Enige gemeenskap wil in harmonie saamleef en die positiewe dinge in die lewe geniet. Misdaad in Suid-Afrika het tans die teenoorgestelde uitwerking op gemeenskappe en dit moet aangespreek word. Dit het duidelik na vore gekom in hierdie ondersoek dat die geskiedenis van Suid-Afrika deel is van die probleme binne die regsplegingstelsel.

Aspekte soos armoede, werkloosheid en swak opvoeding van kinder het 'n geweldige uitwerking op die misdaadpatrone in Suid-Afrika. Rehabilitasie sal dus nie in die gevangenis kan begin nie. Reeds voordat misdaad gepleeg word, moet misdaadvoorkoming effektief bestuur word. Die rolspelers in hierdie proses is die gesin, die Kerk, die skool, Maatskaplike ontwikkeling en Plaaslike regerings. Die opheffingswerk moet dus in die gemeenskap begin. Op dié manier sal minder misdade gepleeg word en sodoende ook minder oortreders na die Korrektiewe stelsel verwys word.

Indien armoede en werkloosheid verminder kan word, effektiewe misdaadvoorkoming in die gemeenskap plaasvind, geringe oortredings met alternatiewe straf buite die gevangenis beheer word en positiewe rehabilitasie binne inrigtingsverband kan plaasvind, sal probleme soos oorbevolking van gevangenisse drasties verlaag word. Dit is dus baie duidelik dat 'n spanpoging nodig is om hierdie gemeenskaplike doelwitte na te streef.

Dit het duidelik na vore gekom in hierdie ondersoek dat een van die belangrikste rolspelers in hierdie spanpoging die gemeenskap is. Rehabilitasie binne die gevangenis sal soveel gehelp word deur lede uit die gemeenskap en organisasies in die gemeenskap wat kennis en vaardighede kan kom deel. Dit sal nie net help met rehabilitasie van gevangenes nie, maar die gevangenes sal ook sien dat die gemeenskap vir hulle omgee en hulle wil help om te verander. Sulke optrede sal herinskakeling in die gemeenskap na vrylating beslis positief beïnvloed.

Korrektiewe Dienste maak ook nou sy deure oop vir slagoffers van misdaad om betrokke te raak by die herstelproses van die skade wat deur misdaadpleging veroorsaak is. Die "Restorative Justice" konsep help misdadigers en slagoffers (en/of hulle families) om bymekaar te kom ten einde te praat oor die misdaad wat gepleeg is

sowel as die uitwerking wat dit gehad het op die slagoffer. Hierdie konsep het beslis baie potensiaal en moet reeds tydens die hofprosedure bekend gestel word aan beide partye. Die Korrektiewe Toesig- en Paroolraad behoort ook gebruik te maak van hierdie konsep wanneer vrylating op parool oorweeg word. Die bekamping van residivisme kan ook hierdeur bevoordeel word aangesien die oortreder besef watter skade hy aangerig het tydens misdaadpleging. In baie gevalle sal ’n gerehabiliteerde oortreder twee keer dink voordat hy weer leed aan ander aanrig en dit is die doelwit van effektiewe rehabilitasie, die verlaging in misdaadpleging.

Laer misdaad in Suid-Afrika sal nie net tot voorddel van alle Suid-Afrikaners wees nie, maar dit sal ook bv. beleggingsvertroue in die buiteland skep wat weer op sy beurt ekonomiese vooruitgang vir Suid-Afrika kan beteken. Lae misdaadvlakke kan dus net voordelig wees vir ’n nuwe demokratiese Suid-Afrika.

## 12.3 **Aanbevelings**

Die uitwerking van oorbevolking binne Suid-Afrikaanse gevangenisse op die rehabilitasie van oortreders is juis as onderwerp van hierdie navorsingsprojek gekies aangesien die bekamping van oorbevolking een van Korrektiewe Dienste se grootste uitdagings is. Die doelwitte van Korrektiewe Diesnte is gebaseer op rehabilitasie van oortreders en misdaadvoorkoming oor die langtermyn.

Die navorser het hierdie twee konsepte, oorbevolking en rehabilitasie as opponente gesien en dit het die soeke na oplossings vir hierdie opponerende probleem laat ontstaan.

Verskeie aspekte wat na vore gekom het tydens die data-insamelingsfase van hierdie ondersoek is reeds in werking gestel, maar word nie effektief toegepas nie. Alle beskikbare hulpbronne moet aangewend word en nuwe voorstelle wat gemaak word, behoort getoets te word om ’n verskil te maak in die bekamping van oorbevolking sowel as die bevordering van effektiewe rehabilitasie van oortreders. Die beklemtoning van bestaande wetgewing sowel as aanbevelings oor nuwe en gewysigde wetgewing word hieronder gelys:

- Oplegging van uitgestelde vonnisse met of sonder sekere voorwaardes, Artikel 297(1)(a)(i) van Wet 51 van 1977. So 'n vonnis kan vir hoogstens vyf (5) jaar voorwaardelik of onvoorwaardelik uitgestel word. Korrektiewe Dienste behoort in gesprek te tree met Justisie ten opsigte van effektiewe aanwending van hierdie alternatief vir gevangenisstraf.

- Die opskorting van 'n vonnis met of sonder voorwaardes. Opskorting kan ook vir hoogstens vyf (5) jaar oorweeg word. Opskorting kan in sy geheel of gedeeltelik opgelê word. Opskorting van 'n vonnis is ook onderhewig aan die beperkings van artikel 51 van Wet 105 van 1997 (minimum vonnisse). Hierdie vonnisopsie word gereeld opgelê, maar vonnisopleggers kan dit steeds meer effektief aanwend in gevalle waar dit voorskriftelik is.

- Oplegging van 'n waarskuwing en ontslag. Dit is die ligste straf wat 'n strafhof kan gee. Artikel 297 (1)(c) van Wet 51 van 1977 bepaal dat so 'n ontslag die uitwerking van vryspraak het, maar dat dit as 'n vorige veroordeling aangeteken word. By verdere misdaadpleging speel vorige veroordelings 'n rol wanneer vonnis oorweeg word. Hierdie vonnisopsie het dus afskrikkingswaarde en kan met groot vrug gebruik word by geringe oortredings wat nie voordeel sal trek uit swaarder vonnisse nie.

- Plasing van jeugdiges onder die toesig van 'n geskikte persoon of instansie (anders as 'n gevangenis) of onder toesig van 'n korrektiewe beampte moet meer plaasvind. Gemeenskapgebaseerde vonnisse is 'n baie goeie alternatief vir gevangenisstraf, maar toesig en beheer (monitering) is baie belangrik om dit effektief te maak. 'n Ander baie belangrike aspek is die plasing van ongevonniste gevangenes onder toesig van korrektiewe beamptes. Een van die grootste probleme met oorbevolking word juis ondervind by die aanhouding van ongevonnistes.

- Plasing onder korrektiewe toesig, artikel 276(1)(h) en (i) van Wet 51 van 1977 asook artikel 73(7) van die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van

1998). Korrektiewe Dienste sowel as Justisie moet hierdie vonnisopsie bemark in die publiek. Die publiek is oningelig oor hierdie vonnisopsie as alternatief vir gevangenisstraf en daarom word dit gesien as geen of 'n te ligte straf. Die publiek moet ingelig word oor die negatiewe aspekte van gevangesetting, die rehabilitasiemoontlikhede in oorvol gevangenisse asook die koste verbonde aan gevangesetting. Daarinteen moet die voordele van gemeenskapgebaseerde vonnisse verduidelik word, voordele soos behoud van werk, behoud van gesins- en familiebande, minimale koste vir die belastingbetaler, lae risiko vir die gemeenskap aangesien slegs sekere kategorieë oortreders vir korrektiewe toesig kwalifiseer en die beter herinskakeling in die gemeenskap na vrylating uit hierdie stelsel. Korrektiewe Dienste moet hierdie bemarkingsaksie deurlopend aanbied vir die gemeenskap.

- Oplegging van periodieke gevangenisstraf waar 'n aantal ure (minstens 100 uur en hoogstens 2 000 uur) van tyd tot tyd uitgedien moet word in 'n gevangenis. Artikel 285 van Wet 51 van 1977 reël die oplegging van periodieke gevangenisstraf. Hierdie vonnisopsie kom nie deurgaans tot sy reg nie en kan effektief bestuur word binne gevangenisse. Dit is gewoonlik hoofde van gevangenisse wat sê dat hulle nie plek het om periodieke gevangenes in aan te hou nie aangesien hulle apart van ander gevangenes aangehou moet word. Wat egter nie uit die oog verloor moet word nie is die feit dat verskeie periodieke gevangenes van tyd tot tyd in een enkelsel aangehou kon word waar een gevonniste gevangene nou vir 'n lang tydperk dieselfde enkelsel okkupeer. Die oplegging van periodieke gevangenisstraf het juis ten doel om oorbevolking te verlig en dus meer akkommodasie aan hoofde van gevangenisse te bied.

- Die oplegging van korter tydperke van gevangenisstraf moet oorweeg word. Navorsing het bewys dat die doel van gevangenisstraf reeds in die vroeë stadium van die uitdiening beslag vind en lang aanhoudingstydperke nie noodwendig misdaad beter voorkom nie. Vir hierdie rede moet daar

weggedoen word met minimum vonnisse sodat vonnisopleggers meer hul eie diskresie kan gebruik by die oorweging van ’n gepaste vonnis. Anders as by vorige amnesties is daar 6 maande afslag van vonnis vir alle kategorieë gevangenes gegee tydens die 2005 amnestie. Dit is ’n teken van watter afmetings oorbevolking aangeneem het terwyl die bewyse daar is dat lang vonnisse van gevangenisstraf nie werklik misdaad voorkom nie. Die regering sal dringend moet heroorweeg oor die besluit om minimum vonnisse vir nog twee jaar te verleng (tot April 2007). Die voorskriftelike maksimum vonnis binne die jurisdiksie van ’n bepaalde hof skep geen probleem nie. Dit is die miriete van elke saak wat aan bande gelê word deur minimum vonnisse wat afgedwing word. ’n Landdros kon in ’n spesifieke geval bv. 5 jaar gevangenisstraf as gepas beskou het, maar word nou verplig om ’n minimum vonnis van 7 jaar op te lê. Dit kos die belastingbetaler bykans R 22 miljoen per dag om gevangenes in Suid-Afrikaanse gevangenisse aan te hou terwyl die regering armoede daarmee kon verlig wat tot voorkoming van misdaad kon lei. Die regering kan nog steeds streng wees op misdaad in Suid-Afrika sonder om minimum vonnisse voor te skryf of ten minste te besin oor die verlaging in minimum vonnisse ten einde oorbevolking te bekamp. Geen vonnisoplegger wil oortreders bevoordeel deur korter vonnisse op te lê nie, hulle vra net die reg om gepaste vonnisse op te lê vir die spesifieke omstandighede waaronder ’n misdaad gepleeg is.

- Die gebruik van slagofferkompensasie soos bepaal in Artikel 300 van Wet 51 van 1977. Dit kan gebruik word om vergoeding aan die slagoffer te betaal tot ’n maksimum van R300 000 in ’n Streekhofsaak en R60 000 in ’n Landdroshofsaak (Staatskoerant 19435 van 30 Oktober 1998). Slagofferkompensasie kan ook gebruik word as alternatief vir boetes of gevangenisstraf. Hierdie strafvorm kan met groot vrug gebruik word aangesien dit bv. met ’n opgeskorte vonnis gekombineer kan word en sodoende verseker dat daar genoeg afskrikkingswaarde bestaan, sonder om die oortreder noodwendig na die gevangenis te stuur. Die slagoffer word “terugbetaal” en word daardeur ook erken binne die regsplegingstelsel, iets

wat in baie gevalle agterweë gelaat is. Die slagoffer is in baie gevalle die lydende pary binne misdaadpleging al word die oortreder gestraf vir sy dade. Slagofferkompensasie moet meer tot sy reg kom in Suid-Afrika.

- Die oplegging van bekostigbare boetes. Waar gevangenisstraf opgelê word by wanbetaling van so ’n boete, kan die Kommissaris van Korrektiewe Dienste aansoek doen by die hof om hierdie gevangenisstraf te omskep na korrektiewe toesig. In baie gevalle word beskuldigdes bv. gevonnis tot R50 of 50 dae gevangenisstraf en kan die R50 nie betaal word nie. In sulke gevalle kan daar ook gekyk word na programme/projekte waar oortreders die geld kan verdien om sy boete mee te betaal. Dit is beter om te werk en die geld vir die boete te verdien as om in die gevangenis te sit waar die gemeenskap vir die aanhouding moet betaal. ’n Belangrike aspek by die oplegging van ’n boete, is die bedrag ter sprake. As ’n boete te maklik betaal kan word, is daar geen afskrikkingswaarde in nie. Indien die bedrag te hoog vasgestel word en dit nie betaal kan word nie, kan die oortreder in die gevangenis beland en dien die oplegging van ’n boete as alternatief vir gevangenisstraf geen doel nie. Daar moet dus ’n fyn balans wees tussen wat bekostigbaar is en watter bedrag die hoeveelheid skade aangerig, die beste sal verteenwoordig.

- ’n Konsep wat met groot welslae in verskeie lande toegepas word, is dagboetes. Boete eenhede, gelykstaande aan een dag se loon, word gebruik om die boetebedrag vas te stel. Veral die oortreders wat baie arm is, kan baatvind by so ’n boete aangesien dit gewoonlik hulle is wat nie ’n boete kan betaal nie. In die lande waar dagboetes in werking is, is baie minder gevangenes per 100 000 van die bevolking in aanhouding en gevolglik is oorbevolking ook nie so ’n ernstige probleem as wat dit tans in Suid-Afrika is nie. In die Nexus (November 1999 : 16) het ’n artikel verskyn oor dagboetes en statistiek is voorsien ten opsigte van lande waar hierdie vonnisopsie in werking is sowel as statistiek ten opsigte van lande waar dit nie gereeld of nooit toegepas word nie. Hierdie gegewens word in tabel 27 voorsien:

| Lande wat dagboetes oplê | Gevangenisbevolking per 100 000 van die bevolking | Lande wat nie dagboete (op ’n gereelde basis) oplê nie | Gevangenisbevolking per 100 000 van die bevolking |
|---|---|---|---|
| Duitsland | 90 (1997) | Suid-Afrika | 378 (1999) |
| Finland | 55 (1997) | VSA | 645 (1997) |
| Denemarke | 65 (1998) | Zambië | 295 (1994) |
| Swede | 60 (1997) | Estoria | 320 (1998) |
| Costa Rica | 155 (1996) | Trinidad en Tobago | 365 (1998) |

TABEL 27: Gevangenisbevolking per 100 000 mense in lande waar dagboetes opgelê word teenoor lande waar dit nie (gereeld) gebruik word nie.

Suid-Afrika moet dagboetes as vonnisopsie navors ten einde voordeel te trek uit die moontlikhede wat dit bied om minder oortreders in die gevangenis te hê.

➢ Die betaling van borg en die vasstelling daarvan moet baie meer oorweeg word vir dié oortreders wat nie ’n gevaar inhou vir die gemeenskap nie. Borg vir ongevonniste gevangenes beteken nie net laer aanhoudingsyfers vir Korrektiewe Dienste nie , maar ook die normale verloop van die beweerde oortreder se daaglikse lewe. Hy kan sy werk behou, sy gesin onderhou en ook buite die omgewing van verdere kriminaliteit (die gevangenis) bly. Die borg bedrag is, net soos in die geval van boetes, baie belangrik. Te hoë borg sal beteken dat die beweerde oortreder in elk geval in die gevangenis sal moet bly as gevolg van die feit dat hy nie die borg kan betaal nie. Hierdie bedrag moet dus baie noukeurig deur die hof bepaal word. Wanneer die hof ’n borgbedrag van bv. R 50 vasstel, kan dit bo redelike twyfel gesê word dat hierdie beweerde oortreder nie regtig ’n gevaar vir die gemeenskap inhou nie. Dit sal beter wees om so ’n persoon by die wanbetaling van hierdie borgbedrag op eie verantwoordelikheid vry te laat, veral as hy nie die bedrag het om te betaal nie. Borg aan beweerde oortreders is ’n goeie manier om

aanhoudingsyfers binne Korrektiewe Dienste laag te hou sonder om die gemeenskap onnodig in gevaar te stel.

- Die polisie moet meer gebruik maak van hulle magte om borg vas te stel, skulderkenningsboetes op te lê en gearresteerdes waarsku om in die hof te verskyn en op eie verantwoordelikheid vrylaat. Indien die SAPD kan slaag in hierdie alternatiewe vir aanhouding van ongevonniste gevangenes, kan die oorbevokingsprobleem drasties verlaag word onder die ongevonniste afdelings van Suid-Afrikaanse gevangenisse.

- Ondersoekbeamptes moet aanklaers beter bystaan om volledige gegewens voor die hof te bring ten opsigte van verdere aanhouding tot volgende verhoor. Hofsake word soms onnodig lank uitgestel as gevolg van ontbrekende gegewens. Besigheid teen Misdaad in die Oos-Kaap het projekte wat juis hierdie situasie aanspreek en regstel. Daar is bv. by die Port Elizabeth hof kantoorruimte ingerig vir al die rolspelers binne die strafregsplegingstelsel om saam die omkeertyd van hofsake te verkort. Die SAPD, Justisie, Korrektiewe Dienste sowel as Maatskaplike Ontwikkeling werk saam in een kantoor om verdere uitstel van hofsake so ver as moontlik te beperk. Hierdie askies verseker dat sake gouer afgehandel word en oorbevolking word daardeur verminder. Soortgelyke projekte behoort ook elders in die land van stapel gestuur te word ten einde die effek daarvan nasionaal te toets.

- Gebruikmaking van pleitbedinging vir alle tipe misdade om sodoende die finalisering van sake te bespoedig. Die navorser voel baie sterk oor hierdie aspek en beveel aan dat Korrektiewe Dienste behulpsaam moet wees in hierdie opsig. Die sekretaris en twee klerke van die Korrektiewe toesig- en Paroolraad behoort opgelei te word in pleitbedinging. Die Paroolraad moet nie net betrokke wees by die goedkeuring van vrylatings uit die gevangenis nie. Die navorser is van mening dat die Paroolraad die aangewese liggaam binne Korrektiewe Dienste behoort te wees om oorbevolking te help bestuur.

Die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111/1998) behoort so gewysig te word dat die bestuur van oorbevolking ook bygevoeg word tot die funksies van die Paroolraad. Na opleiding kan Paroolraadlede aanklaers behulpsaam wees met pleitbedinging onder ongevonniste gevangenes. Korrektiewe Dienste en Justisie behoort hierdie opsie dringend te oorweeg aangesien dit die bekamping van oorbevolking positief kan beïnvloed.

- Tydens die uitstel van sake moet die hof dit sterk oorweeg of aanhouding tot die volgende verhoordatum steeds nog is. Hierdie heroorweging kan aanhoudingsgetalle drasties verlaag. In baie gevalle word 'n saak verder uitgestel aangesien sekere gegewens wat belangrik is vir die hof, steeds uitstaande is. Die vasstel van borg of vrylating op eie verantwoordelikheid behoort by elke sitting van die hof oorweeg te word wanneer die saak verder uitgestel word.

- Sake waar min of geen bewyse is, moet so spoedig moontlik teruggetrek word. So 'n saak kan altyd weer heropen word. Die polisie en aanklaers moet in hierdie opsig saamwerk om sodoende Korrektiewe Dienste se hand te sterk in die oplossing van oorbevolking in gevangenisse.

- Die gebruik van Artikel 63A van die Strafproseswet (wet 51 van 1977) moet meer deur Hoofde van gevangenisse gebruik word om aansoek te doen om verhoorafwagtendes met borg van R1 000 en minder vry te laat wanneer oorbevolking veiligheidsrisiko's en onmenswaardige behandeling veroorsaak. Die Inspekterende Regter van Gevangenisse, Regter Hannes Fagan, het hoofde van gevangenisse uitgenooi om aan te klop vir hulp wanneer sulke aansoeke voorberei moet word. Hierdie vergunning is daar om gebruik te word en Korrektiewe Dienste moet toesien dat hoofde van gevangenisse alle middele tot hulle beskikking aanwend om oorbevolking te bekamp.

- Dit het duidelik na vore gekom in hierdie ondersoek dat gevangenisstraf van op tot ses (6) maande min of geen doel dien nie. Die afskrikkingwaarde is

laag en rehabilitasie feitlik onmoontlik. ’n Groot persentasie van die totale gevangenisbevolking val binne hierdie kategorie gevangenes. Frans van List (Nexus, November 1999 : 16) het reeds in 1885 gesê: “The short prison sentence in its present form is worthless, indeed harmful. It does not deter, it does not improve, it contaminates.” Die aanbeveling in dié verband is dat die Strafproseswet (wet 51 van 1977) so gewysig word dat alle vonnisse van op tot ses (6) maande as gemeenskapgebaseerde vonnisse uitgedien sal word. Op hierdie wyse word die oortreder buite die gevangenis gehou waar hy met meer ernstige misdadigers kontak sou maak en rehabilitasie nie werklik tot sy reg kan kom nie as gevolg van oorbevolking, ’n tekort aan personeel sowel as die verbreking van familiebande en die verlies van werk/inkomste. Indien hierdie wysiging aan die Strafproseswet goedgekeur word, sal korrektiewe toesig gerat moet wees vir die groter invloei van toesiggevalle. Die aanbeveling in dié verband is dat elektroniese monitering dan beslis tot sy reg moet kom om met die minimum personeel steeds ’n goeie moniteringstelsel daar te stel sodat korrektiewe toesig as ’n straf beleef kan word.

- Blunstein (Neser, 1993 : 283) se bevolkingsensitiewe invloeistrategie behoort geïmplementeer te word in Suid-Afrika om die effek daarvan te toets. Hierdie strategie behels deurlopende vervroegde parolering ten einde plek te maak vir die invloei van nuwe opnames. Die huidige vrylatingsbeleid van Korrektiewe Dienste (Art. 74 tot 77 van die wet 111/1998) sal dus aangepas moet word. Aangesien die oorbevolkingsprobleem so groot is in Suid-Afrika kan ’n faktor van bv. 150% of selfs 175% geneem word as vertrekpunt. Dit beteken dat wanneer ’n spesifieke gevangenis se persentasiebesetting 175% bereik, gevangenes op vervroegde parool gesit moet word om plek te maak vir nuwe opnames. Op dié manier sal so ’n gevangenis nooit meer as 175% beset wees nie. Daar behoort geen rede te wees waarom ’n gevangene wat reeds ’n lang periode in die gevangenis is, nie die res van sy straf buite die gevangenis kan uitdien onder verdere toesig nie.

- Die omskepping van gevangenisstraf in korrektiewe toesig behoort ook meer tot sy reg te kom. Die Gevallebestuurskomitee sowel as die Paroolraad van Korrektiewe Dienste moet hier die leiding neem.

- Die afhandeling van sake ten opsigte van verhoorafwagtende gevangenes moet voorkeur geniet bo dié wat nie in aanhouding is nie. Hoofde van gevangenisse behoort hierdie aspek gereeld op te volg met die klerk van die hof ten einde te verseker dat dit deurgaans geskied. Die bekamping van oorbevolking kan hierdeur positief beïnvloed word.

- Soos in verskeie ander lande moet Suid-Afrika ook beslis gaan kyk na die maksimum aanhoudingstydperk van verhoorafwagtendes. Daar moet bv. ’n maksimum van 100 dae gegee word om ’n saak af te handel. Op dié manier sal dit nie gebeur dat verhoorafwagtendes vir maande en selfs jare wag om sake te finaliseer nie.

- Die agterstand in uitstaande sake moet uitgewis word. Justisie sal hierdie probleem as prioriteit moet sien en daadwerklike pogings aanwend om meer aanklaers en voorsittende beamptes aan te stel. Die Saterdaghowe het ook ’n positiewe impak gehad op die uitwissing van agterstande, maar in die Rapport (1 Mei 2005 : 9) word berig dat hierdie projek gestaak is as gevolg van begrotingsprobleme binne die Nasionale Vervolgingsgesag sowel as Justisie. Hierdie toedrag van sake kan veral Justisie in ’n krisis dompel aangesien die hoeveelheid sake net nie meer gedurende die week afgehandel kan word nie.

- Besoekers uit die geledere van die regsberoepe moet meer dikwels gevangenisse besoek om eerstehands kennis te neem van die gevolge van hulle daaglikse besluite rakende die oplegging van gevangenisstraf. In die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Strafregspleging (Volume 4, nommer 3, 1991 : 317) word genoem dat: “Gegee die konstituente van strafbelewenis, is dit moontlik dat ander vorme van straf net so effektief kan wees as gevangenisstraf terwyl dit steeds ’n strafbelewenis kan wees.”

Vonnisopleggers in Suid-Afrika moet dit besef en help om oorbevolking in gevangenisse te bekamp. Dit word immers deur die Grondwet (wet 108/1996) bepaal dat die lede van die gemeenskap gestraf moet word indien hulle verkeerd handel in die oë van die gereg. Wat egter ook in gedagte gehou moet word is die feit dat hulle ook mense is en regte het wat deur dieselfde wet beskerm word. Die Minister van Korrektiewe Dienste, Mnr Balfour, het tydens sy begrotingsrede in die Parlement op 13 April 2005 gesê dat: “They have a right to a chance to unlock their potential to better themselves.” Ten opsigte van onmenslike aanhouding het hy gesê: “As the African National Congress, we will ensure that such inhumanity is destined for the dustbins of the past.” Oorbevolking dra by tot onmenslike aanhouding en daarom moet gesamentlike oplossings vir oorbevolking van gevangenisse gevind word binne die totale regsplegingstelsel.

- Ongevonniste gevangenes word in baie gevalle lank aangehou vir verskeie redes wat nie die toedoen van die beweerde oortreder is nie. ’n Verdere wysiging aan die Strafproseswet (wet 51 van 1977) word aanbeveel en dié keer ten opsigte van die tydperk van aanhouding as verhoorafwagtende wat deel moet uitmaak van die uiteindelike vonnis wat na skuldigbevinding opgelê word. Tydens aanhouding as verhoorafwagtende word die beweerde oortreder ook van al sy regte ontneem betreffende aanhouding in ’n gevangenis. Dit sal dus niks meer as reg wees om die aanhoudingstydperk as verhoorafwagtende deel te maak van die totale vonnis wat opgelê word nie. Op dié manier sal oorbevolking bekamp word en oortreders kan sien dat hulle regverdig behandel word deur die regstelsel in Suid-Afrika.

- ’n Aspek waaroor die navorser baie sterk voel is die feit dat gesprekke deur rolspelers binne die regsplegingstelsel in baie gevalle nie tot uitvoer kom nie. Dit het tyd geword dat voorstelle wat gemaak word, ondersoek word en indien dit as lewensvatbaar beskou word, moet dit in die orders/voorskrifte van die bepaalde departement vervat word. Dit is die enigste manier om werkbare alternatiewe vir oorbevolking af te dwing.

- Korrektiewe Dienste se vennootskap met die privaatsektor staan bekend as APOPS (Asset Procurement and Operating Partnership System) waarin twee privaat gevangenisse in Suid-Afrika bedryf word. ’n Ander opsie waarna Korrektiewe Dienste behoort te kyk is die privatisering van die aanhouding van ongevonniste gevangenes. Dit behels privaat gevangenisse wat uitsluitlik verhoorafwagtende gevangenes sal huisves. Die daarstelling van sulke inrigtings sal baie selektief gedoen moet word aangesien vervoer na en van howe hoë kostes tot gevolg het. Vir ’n loodsprojek kan die groot sentra’s, waar oorbevolking van verhoorafwagtende afdelings aan die orde van die dag is, gebruik word om verdere lewensvatbaarheid te toets.

- Die nuwe vrylatingsbeleid van Korrektiewe Dienste (Art. 74 tot 77 van wet 111/1998) het ook ’n einde gemaak aan die kredietestelsel vir gevangenes. Voorheen het gevangenes krediete verdien vir goeie gedrag. Parool word nou ook in die meeste gevalle na die helte van vonnis oorweeg en nie meer na ’n derde van vonnis soos voorheen nie. Dit veroorsaak langer aanhoudingstydperke in die gevangenis. Die aanbeveling in dié verband is dat die toekenning van strafvermindering vir goeie gedrag weer ondersoek word. In die verlede was ’n kwart van vonnis afgetrek vir gevangenes met vorige veroordelings en ’n derde vir eerste oortreders. Die heroorweging van hierdie opsie sal die langer aanhoudingstydperke voor oorweging vir parool sowel as die oplegging van minimum vonnisse ondervang en die bekamping van oorbevolking positief beïnvloed.

- Die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111/1998) behoort ook so gewysig te word dat die 25 jaar periode voor oorweging geskenk word aan parool vir gevangenes wat lewenslange gevangenisstraf uitdien, verminder word na 20 jaar.

- Dit word ook aanbeveel dat die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111/1998) gewysig word ten opsigte van die verwysing van parolering vir lewenslange

gevangenisstraf na ’n hof. Dit behoort verwys te word na die Nasionale Raad vir Korrektiewe Dienste vir oorweging/goedkeuring van parool.

- ’n Ander aspek wat verwyder behoort te word uit die vrylatingsbeleid van Korrektiewe Dienste is die vier-vyfdes van vonnisse wat in terme van die minimum vonnis beleid uitgedien moet word alvorens parool oorweeg kan word. Minimum vonnisse plaas klaar druk op vonnisopleggers om langer vonnisse op te lê as wat in baie gevalle nodig is. Die gevangenes word dus dubbel “gestraf” aangesien hy ook langer moet wag om op parool vrygelaat te word.

- Verskeie gevangenes wat in alle opsigte kwalifiseer vir vrylating op parool word teruggehou aangesien hulle nie oor vaste adresse beskik nie. Hierdie tendens vergroot die oorbevolkingsprobleem en moet aangespreek word. Dit word aanbeveel dat die daarstelling van halfweghuise in Suid-Afrika geïmplementeer word. Hierdie fasiliteite sal nie net ’n vaste adres beteken vir parolees nie, maar ook baie meer koste-effektief wees om te bedryf en ook werksgeleenthede skep vir lede van die publiek wat hierdie inrigtings in stand moet hou.

- Korrektiewe Dienste moet besin oor die opleiding en her-opleiding van sy lede. Die Witskrif vir Korrektiewe Dienste (2005) stel dit as prioriteit om elke lid ’n rehabiliteerder te maak. Die bereiking van hierdie doelwit sal tot groot voordeel wees vir Korrektiewe Dienste, die gevangenes, die gemeenskap en vir rehabilitasie per se. Die groot aantal lede wat tans direk met gevangenes werk kom uit verskillende kulture en hulle eie opvoeding verskil van mekaar, so ook die kulture van die gevangenes wat gerehabiliteer moet word. Opleiding in kollege’s en her-opleiding van lede is ’n geweldige taak en die afdeling personeelontwikkeling staan voor groot uitdagings om hierdie doelwit na te streef. In hierdie ondersoek het dit duidelik aan die lig gekom dat ’n goeie mense-kennis nodig is om effektiewe rehabilitasie toe te pas. Korrektiewe Dienste sal beslis ook meer gebruik moet maak van eksterne

organisasies om te help met opleiding. Die Korrektiewe Dienste Bestuursdiploma en vakke soos kriminologie en penologie behoort saam ’n eenheid te vorm aangesien dit beide bene van korrektiewe opleiding ondersteun. Veral na die samesmelting van Technikon SA en die Universiteit van Suid-Afrika is die perfekte platvorm geskep om een leerplan saam te stel wat opleiding in administratiewe take, sekuriteit sowel as mense-kennis daarstel om sodoende rehabilitasie van oortreders te bevorder. Hierdie leerplan behoort reeds in die kollege tydens basiese opleiding te begin en kan as ’n drie tot vier jaar studie aangebied word. Dit behoort ook gekoppel te word aan bevordering vanaf Student Korrektiewe Beampte na Korrektiewe Beampte Graad III. Wanneer Korrektiewe Dienste poste in die media geadverteer word, word kriminologie en penologie al meer as vereiste gestel. Leerplanne wat hierdie vakke insluit kan dus ook tot voordeel van lede se loopbaanontwikkeling en bevorderingsmoontlikhede wees.

- ’n Ander instansie wat baie goeie opleidingswerk doen, is die “Centre for Conflict Resolution” (CCR). Hierdie instansie word gefinansier deur buitelandse borge en hulle verskaf ’n wye verskeidenheid opleidingdsessies aan bestuur, lede sowel as gevangenes. Die transformasie van Korrektiewe Dienste het nie net lede geraak nie. Dit sou sinneloos wees om slegs lede op te lei en dan te verwag dat gevangenes alles sal verstaan wat skielik met hulle gebeur in ’n veranderde gevangeniskultuur. Baie gevangenes is al vir jare in aanhouding en verstaan nie al die veranderings om hulle nie. Dit is ook hier waar CCR wonderlike werk doen met hulle “Prison Transformation Project”. CCR se hoofdoel met hierdie projek is om transformasie in Suid-Afrikaanse gevangenisse van ’n militaristiese kultuur na ’n kultuur van leer, groei en ontwikkeling waar menseregte gerespekteer word en gevangenes menswaardig behandel word aan te spreek om sodoende ’n verlaging in misdaadpleging en residivisme te bewerkstellig. Korrektiewe Dienste moet hierdie hulp uitbrei sodat dit op nasionale vlak aangebied kan word ten einde gevangenes te bemagtig met hierdie baie belangrike opvoedingstaak binne gevangenisse.

- Die bevorderingsbeleid van Korrektiewe Dienste (Career Pathing Model) maak voorsiening vir bevordering na slegs een hoër vlak op ’n keer. Die aanbeveling is dat dit gewysig word om voorsiening te maak vir enige lid om aansoek te doen vir ’n spesifieke vakature indien daar aan al die vereistes vir so ’n pos voldoen word.

- Korrupsie is ’n groot probleem in Suid-Afrika en Korrektiewe Dienste is nie uitgesluit daarby nie. Die navorser voel sterk oor opleiding in finansiële bestuur vir al sy lede. Die bevorderingsbeleid binne Korrektiewe Dienste is nie meer op meriete gebaseer nie en slegs gefinansierde vakatures kan deur bevordering gevul word. Hierdie tendens sowel as die afskaffing van oortydbetaling, en die bydrae tot die mediese fonds (wat vir jare gratis was) dra alles by tot ’n verlaagde maandelikse inkomste vir die grootste groep lede binne Korrektiewe Dienste. Hierdie feite maak die deur oop vir korrupsie en Korrektiewe Dienste moet pro-aktief wees en opleiding aan lede verskaf ten opsigte van goeie finansiële beplanning.

- Die hoë afsieksyfer van lede binne Korrektiewe Dienste wek ook groot kommer. Die navorser het tydens sy besoeke aan gevangenisse opgemerk dat baie lede kla oor die personeeltekort en die druk wat dit op lede plaas. Wat egter gevind is, is dat slegs enkele vakatures op die betrokke gevangenis se diensstaat bestaan, maar dat groot hoeveelhede lede per dag afsiek is en dit die druk op die oorblywende lede plaas. Dit gebeur in sommige gevalle dat lede afsiek geboek is, maar in ’n ander beroep staan. Dit is nie net misbruik van siekverlof nie, maar korrupsie. Hierdie dinge gebeur daagliks terwyl ander lojale lede hulle lewens op die spel moet plaas om gevaarlike gevangenes te hanteer. Diensteklerke en toesighouers sal beslis beter beheer oor hulle personeel moet verseker ten einde hierdie probleem die hoof te bied. Die aanbeveling in die verband is dat lede, soos in die verlede, besoek word om eerstens vas te stel hoe dit met hulle gaan, maar dat daar ook waargeneem word of die lid by sy huis is en werklik siek is.

- Lede wat negatief is oor hulle werk veroorsaak dat die moraal onder personeel verder versleg. Een bydraende faktor tot hierdie probleem is die jaarlikse uitbetaling van prestasiebelonings. Daar is slegs fondse om 25% van personeel per rangvlak te betaal. Die prosedure wat gebruik word om hierdie groep lede te identifiseer laat veel te wense oor. Terwyl die menslike faktor teenwoordig is, kan die manipulasie van hierdie stelsel voortdurend voorkom. Lede wat dit nie verdien nie, kry hierdie bonus en dit veroorsaak onnodige spanning tussen personeel. Die negatiewe belewenes van hierdie "aansporingsbonus" kan gesien word in die aantal griewe van lede wat jaarliks deur bestuur hanteer moet word. Om vir elke lid 'n gelyke bedrag te betaal sal ook beslis geen aansporing tot beter dienslewering wees nie. Die aanbeveling wat gemaak word is dat daar op afdeling/seksies binne gevangenisse en administratiewe kantore gefokus word wat deur 'n spesifieke jaar goed presteer het. Werklike prestasies soos gemeet tydens inspeksies en audits sal baie meer gewig dra as kritiese insidente wat deur lede gemanipuleer word. Tevrede lede sal ook beter werkprestasies lewer en dit is tog wat Korrektiewe Dienste van sy werkerskorps verlang.

- Korrektiewe Dienste moet ook groot sorg dra dat die implementering van die 7-dag-werkweek nie verdere personeeltekorte binne gevangenisse veroorsaak nie. Die aanbeveling is dat hierdie stelsel nie geïmplementeer word alvorens genoegsame personeel aangestel **en** opgelei is nie. Studente word vir 'n proeftydperk van 12 maande aangestel en na kollege-opleiding deurgaan hulle verdere praktiese opleiding by hul standplase. Gedurende hierdie tydperk kan hulle nie voltyds deur die hoof van 'n gevangenis aangewend word nie. Dit is dus baie gevaarlik om personeel aan te stel en dan oor te skakel na 'n nuwe stelsel sonder dat die nuwe mannekrag ten volle beskikbaar is.

- In hierdie ondersoek het dit na vore gekom dat rehabilitasie moeilik meetbaar is. Die sukses van rehabilitasie kan slegs deur dade bewys word. Korrektiewe Dienste moet dus rehabilitasie prakties maak en nie net sê dat 'n gevangene

> gerehabiliteer is en vrygelaat kan word nie. Besliste bewyse moet gegee kan word alvorens effektiewe rehabilitasie ter sprake kan wees. Die deurloping van verskeie behandelingsprogramme is goed, maar dit moet opgevolg word met aspekte wat in die praktyk gestalte kan vind. Die Minister van Korrektiewe Dienste, Mnr Balfour, het in sy begrotingsrede in die Parlement op 13 April 2005 verwys na ’n gevangene wat sy LLB graad voltooi het in Malmesburygevangenis. Hierdie gevangene het nou ’n kwalifikasie wat hy kan aanwend om ’n beter lewensstandaard te handhaaf na vrylating uit die gevangenis. In Die Burger (28 April 2005 : 9) skryf Carryn-Ann Nel van ’n straatkind wat “onder die vlerk” geneem is deur die “MyLife Project” in Kaapstad. Hierdie jong man werk tans as ’n sjef in ’n Kaapse restaurant en vertrek eersdaags na Londen waar hy in die Jamie (Naked Chef) Oliver restaurant gaan werk. ’n Bietjie aansporing en opleiding het die begin van ’n loopbaan vir hierdie jongman beteken. By die Pollsmoor Vrouegevangenis het die eerste boek wat agter tralies geskryf is, die lig gesien. Indien hierdie projek meer momentum kry, kan gevangenes beslis van hierdie kennis en vaardighede na vrylating gebruik.

Hierdie afdeling word afgesluit met die woorde van Morris (1989 : 120): “If all these good things exist, and are in practice, then what are we worried about? Although all exist, none are as extensivelty used as they might be, and one reason is that courts respond in sentencing to the wishes fears, and desires for vengeance that they hear coming from you and me.”

## 12.4 **Slot-opmerkings**

Suid-Afrika se vonnis-tradisie is geskoei op die Britse reg nadat die Kaap gedurende 1806 ingeneem is deur Brittanje. Sedert die 1970’s het die plaaslike regstelsel egter nie baie verander nie. Onlangse hervorming in verskeie lande (soos Suid-Afrika) het ten doel om hoë frekwensie gevangesettings teen te werk en eerder te konsentreer op gemeenskapgebaseerde vonnisse.

Wat egter nie uit die oog verloor moet word nie is die feit dat gemeenskapgebaseerde vonnisse nie net as alternatief gebruik word om oorbevolking te bekamp nie. Dit is wel een van die redes, maar die grootste oorweegrede bly steeds die feit dat rehabilitasie binne inrigtingsverband nie regtig werk nie.

Die feit dat gevangenisse oorvol is, is geen rede om nie gevangenisstraf op te lê nie. Dit beteken dat die lengte van gevangenisstraf nooit gemeet kan word aan die hoeveelheid ruimte wat binne gevangenisse beskikbaar is nie.

Rehabilitasie van oortreders moet dus die prioriteit van Korrektiewe Dienste bly terwyl oorbevolking bekamp moet word ten einde effektiewe rehabilitasie binne inrigtingsverband te bewerkstellig.

Voortdurende navorsing is nodig om uitdagings soos oorbevolking van gevangenisse te bekamp en altyd op soek te wees na nuwe strategieë wat misdaadvoorkoming kan bevorder. Die Minister van Korrektiewe Dienste, Mnr Balfour het op 30 Maart 2005 tydens die opening van die Voorskrif en Navorsingskonferensie in Roodepoort (DKD-Intranet) gesê dat: "In your deliberations, spend special attention on how we can utilise the collective skills and efforts of all stakeholders in bringing to fruition the ideal correctional system. There are thousands of correctional officers and tens of thousands of inmates who depend on your combined wisdom to use research in developing pragmatic policies that will positively influence their lives."

Kriminele gedrag is ’n baie komplekse verskynsel wat hoofsaaklik in die gemeenskap ge-openbaar word en nie net deur vergelding reggestel kan word nie. Daagliks word pogings aangewend om harmonie onder mekaar te bewerkstellig en dit word gedoen met dien verstande dat dit die gemeenskap ’n beter plek vir almal sal maak. Misdaad het ongelukkig die teenoorgestelde uitwerking en daarom is dit so belangrik dat misdaadvoorkoming deur alle vlakke van die samelewing as ’n eenheid bestuur sal word.